Sukses met 'n appelboks . . .

DALEEN MATTHEE, skryfster van die internasionale blitsverkoper *Kringe in 'n bos* wat pas by Tafelberg verskyn het.

DIS 'n suksesveraal soos geen Afrikaanse boek seker ooit nog te beurt geval het nie, dié *Kringe in 'n bos*, die nuwe Afrikaanse roman wat deur tien lande aanvaar is nog voordat dit in Suid-Afrika gepubliseer was. Daleen Matthee die 44-jarige skryfster van Hartenbos, vertel in 'n onderhoud met KOOS PRINSLOO meer oor dié boek van haar.

"EK wou probeer om 'n werk te skryf wat 'n bietjie van Rooikappie se sukses het. Dit was 'n poging – as ek baie eerlik moet wees – om 'n *glorified fairy-tale* te skryf," sê die skryfster Dalene Matthee van haar opspraakwekkende nuwe roman *Kringe in 'n Bos*.

Dié internasionale blitsverkoper – wat nou in die boekwinkels beskikbaar is – se manuskrip is reeds voor publikasie aan tien lande oorsee verkoop.

'n Voorste letterkundige het selfs voorspel dat die roman in Afrikaans die soort "klassiek" sal word wat Hemingway se *Old Man and the Sea* dit in Amerikaans is.

Tog sê die skryfster: "Ek moet aanvaar dat ek as vroueskrywer beperkinge het, dat Die Man altyd beter en slimmer sal skryf as ek. Die Muse trek hulle voor, sien," skerts sy.

Dit was ook vir haar "die grootste toets – en dis baie waar – om tussen waarheid en lieg te moes kies; om te moes besluit: Is ek 'n skelm of is ek 'n skrywer? Want elke vraag wat ek in daardie bos gevra het, het een of twee of drie of vier antwoorde gehad," sê sy.

Kringe in 'n Bos speel in die vorige eeu in die Outeniekwa-bos by Knysna af. Dit vertel die verhaal van Saul Barnard, 'n houtkapperseun, en sy stryd om die ongerepte wildernis teen gewetenlose Engelse houtkopers en fortuinsoekers te beskerm.

Sy het lank navorsing gedoen vir die skryf van die roman. Dit het elke sent spaargeld wat sy gehad het, opgeëet, volgens mev. Matthee.

"Ek was heeltemal bankrot en het net 'n appelboks gehad vir 'n aktetas. My kinders het gesê: Here Ma, net nie met daardie ding Kaap toe nie," vertel die ma van drie dogters.

"My man het my jammer gekry en vir my 'n vliegtuigkaartjie gekoop – net 'n enkelkaartjie. Ek het toe die manuskrip in 'n OK-sak gesit en by Tafelberg-Uitgewers gaan aflaai.

"Gewoonlik, as ek 'n ding geskryf het, is ek klaar daarmee. Maar toe ek daar uitstap het ek gevoel daar staan 'n OK-sak vol olifantsiele en boswerkersiele en die hele Bos se siel en ek kon nie loskom van dié wêreld nie. Ek het darem geld genoeg gehad vir 'n tweedeklas treinkaartjie huis toe," lag sy.

Wat gevolg het, is 'n suksesverhaal soos geen Afrikaanse boek seker ooit nog te beurt geval het nie.

"Die geldjies is nie so baie as hulle sê nie, want die Ontvanger sit net reg. Maar ek is baie dankbaar daarvoor, want dit gee my die kans om in die Bos te bly en nóg navorsing daar te doen."

Een ding wat sy egter nie kan verstaan nie is dat die "geleerde mense" sê sy skryf literêr. "Ek voel maar nog altyd ek skryf *common*," sê die 44-jarige skryfster van Hartenbos, 'n veraf, maar regstreekse, afstammeling van die Engelse romanskrywer sir Walter Scott.